Daar is net een God ...

Piet Naudé

Dis van die allergrootste belang dat die hereniging van die NG Kerk-familie vanuit die regte Bybelse en teologiese motiewe moet geskied. Dis baie maklik om die hereniging van die familie positief te probeer motiveer met verwysing na verskillende sake wat op sigself dalk waarde mag hê, maar nie die diepste dryfveer behoort te wees nie.

Wat sou ons kon aanspoor tot eenheid?

Mense kan opmerk: 'n Sterk verenigde kerk sal meer effektief teenoor die wêreld en die owerheid kan getuig. So 'n kerk sal 'n groter stem in die ekumene in Afrika en die res van die wêreld kan hê. Samewerking op die gebied van armoede, maatskaplike dienste en MIV en Vigs sal verbeter as ons die huidige gefragmenteerde pogings rasionaliseer.

So kan 'n mens die lysie langer en langer maak. Al hierdie sake hoor jy van tyd tot tyd, en van hulle is nie te versmaai nie. Maar as ons mense opgewonde wil maak oor kerkeenheid, moet ons by God begin.

God en sy volk in die Ou Testament

Een van Israel se grootse probleme was om daaraan vas te hou dat die Here een en enig is. Die omringende volke het geglo dat 'n mens meer as een god nodig het: 'n god wat reën kan bring, 'n ander god wat goeie oeste verseker, 'n nageslag kan verseker, en 'n oorlog kan help wen. En om hulle aan hierdie gode te herinner, is allerhande afbeeldinge gemaak wat vereer is met die oog op die gunste van die gode.

Dit was inderdaad 'n aantreklike opsie. Maar soos die geskiedenis van Israel ontwikkel, bly een saak voorop staan: Hoor Israel, die Here ons God is 'n enige Here. Jy mag geen ander gode voor my hê nie; jy mag nie afbeeldings maak nie. God is een (Deut 5, 6).

Die eenheid van hierdie unieke God is weerspieël in die eenheid van sy volk. Hulle word genoem "die vergadering van die Here" of "die gemeente van die Here". Soos daar net een God is, is daar net een volk.

Die kragtige Jona-verhaal vertel dat God ook ander nasies as sy volk wil aanneem, omdat Hy 'n genadige God is. Die verhaal van Rut vertel van vreemdelinge wat in die linie van Dawid ingesluit word. Slawe wat besny word, word deel van die Godsvolk, lees ons in die wetsdele. Ja, ons hoor selfs die profete as hulle voor hulle geestesoog sien hoe die nasies na Jerusalem stroom om daar na die wil van die Here te vra (Sagaria, Jesaja). Een Godsvolk uit al die nasies kom by die tempel byeen.

Jesus Christus en die nuwe Israel

Die koms van Jesus Christus bring hierdie visie nader aan 'n werklikheid: die "eie mense" na wie Hy eintlik kom, aanvaar

Hom nie. Die Godsvolk word daardeur radikaal herdefinieer: Elkeen (maak nie saak van watter afkoms nie) wat Jesus in geloof aanneem, word kinders van God genoem (Joh 1). Daar is 'n nuwe Israel: In Christus is ons almal afstammelinge van Abraham, almal priesters in 'n nuwe heiligdom (1 Pet 2).

Hierdie radikale uitbreiding van Israel begin al op Pinksterdag toe drieduisend mense uit verskillende tale en nasies in die Jerusalem-gemeente tot bekering kom. En soos die Handeling-verhaal ontwikkel en die getuies in Judea, Samaria en verder gehoor word, kom steeds nuwe mense uit alle stande en kulture by.

Die beelde wat in die NT gebruik word om die Godsvolk te beskryf, maak duidelik dat dit eenheid-binne-verskeidenheid is. Daar is baie lede (hande, voete, arms), maar net een liggaam en net een Hoof (1 Kor 12). Daar is baie stene, maar net een gebou en een Hoeksteen (1 Petrus). Daar is baie broers en susters, maar net een huishouding en net een Vader. Die bedoeling is duidelik: Die verskeidenhede is op hulleself gawes van God om die gelowiges op te bou. Die idee dat 'n liggaam en 'n gebou en 'n huisgesin "onsigbaar" sou kon wees, is natuurlik onmoontlik. Die verskeidenheid dien die sigbare eenheid (Belhar, artikel 2).

Dwarsdeur klink die refrein: Asseblief, jaag die eenheid na in die Naam van Christus wat sy liggaam geskeur het sodat ons een kan wees; wat sy bloed gestort het sodat ons uit een beker kan drink; wat sy liefde in julle harte uitgestort het sodat ons mekaar - en selfs ons vyande - kan liefhê (Ef 2, Rom 5).

Aan hierdie sentrale motief moet ons alles wat intussen gebeur het beoordeel, en nie die geskiedenis die norm maak nie. Die ideaal bly een kerk - katoliek en algemeen oor die ganse aarde. En elke poging om hieraan gestalte te gee, verdien ons gebed, samewerking en ondersteuning.

Steeds net een God: Vader, Seun en Heilige Gees

Die radikale uitbreiding van Israel het egter niks verander aan die klem op die eenheid van God nie. Jesus beklemtoon keer op keer dat Hy en die Vader een is; dat wie Hom sien, het die Vader gesien. Hy beklemtoon dat die Gees wat Hy sal stuur van die Vader kom en nie 'n vreemde Persoon is nie, maar God self wat in hulle sal kom woon (Joh 14). In die apostelbriewe lees ons telkens van groete in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees – die een God van die nuwe Israel.

Jesus se laaste leringe en gebed in Joh 17 maak hierdie punt baie duidelik. Hy en die Vader is een; en soos hulle een is, moet die gelowiges ook een wees. Aan hulle liefde en eenheid sal die wêreld kan sien en glo dat Jesus inderdaad van die Vader gekom het.

Die antwoord op waarom ons hereniging soek en najaag, is glashelder: omdat die kerk – waar ook al op aarde – die spieëlbeeld van die een God is. Noem dit die diepste teologiese dryfveer, as jy wil. **Omdat God een is, soek ons eenheid.**

Eenheid is 'n gawe wat ons reeds ontvang het!

Nêrens in die NT lees ons dat mense aangespoor word tot eenheid op grond van hul eie pogings om meer van mekaar te hou, of ter wille van meer effektiewe samewerking nie. Nêrens word gevra dat gelowiges uit hulleself 'n bietjie harder moet probeer om verskille te oorbrug nie. Nee, daar word telkens, eksplisiet en implisiet, gesê: Hand-

haaf die eenheid wat die Gees reeds tussen julle gesmee het! Maak nie saak hoe julle verskil nie: in Christus is julle almal lede van een huisgesin. As iemand in Christus is, is hy of sy 'n nuwe skepping – hierdie bediening om te versoen, is aan ons toevertrou (Ef 4; 2 Kor 5).

Ons vergaderings, pogings, samesprekings en skrywes berus dus op die grondslag van 'n eenheid wat reeds bestaan. Dis net ons taak om met die wysheid van die Gees aan hierdie eenheid gestalte te gee. En dit beteken inderdaad harde werk. Maar ons werk nooit sonder hoop nie; ons gee mekaar nooit langs die pad prys nie; ons vat mekaar nie meer hof toe nie; ons laat die belydenisstryd ons nie verdeel nie – nee, al werkend smee ons net die band van eenheid wat ons reeds as gawe ontvang het!

Eenheid is deur die eeue heen altyd weer bedreig en bevestig

Eenheid was nie net in die gemeentes van die NT 'n kernsaak nie. Dwarsdeur die geskiedenis was daar altyd weer tye waar eenheid in die kerk deur onderlinge verskille bedreig is.

In die vierde eeu ná Christus toe die kerk 'n raps oor die 300 jaar oud was, het ernstige leerverskille opgeduik. Dit het juis gegaan oor hoe God een kan wees.

Dit het gelei tot 'n groot en belangrike kerkvergadering, 'n konsilie, in die dorp Nicea in die jaar 325. Dis later opgevolg met 'n byeenkoms in Konstantinopel in 381. En hier het die kerke besluit: Ons glo in een God, Vader, Seun en Gees, al het hulle wel onderskeie Persone, en al het Christus wel twee nature. Maar saam daarmee het hulle die merktekens van die kerk bely: Teenoor ons verskeurdheid, glo ons aan één kerk, wat staan op die leer van die apostels, en katoliek (algemeen) is.

Dit gaan om méér as net die NG Kerk-familie

Die feit dat ons tans fokus op die NG Kerk-familie is maar om praktiese en historiese redes. Die hereniging van 'n verskeurde kerk – uitmekaar geruk deur sonde en afskeiding – sal inderdaad 'n saak van groot vreugde in die hemel (en op aarde!) wees. Maar die soeke na nóg groter eenheid sal daarna steeds voortduur. Ons sal altyd 'n "verenigende" kerk wees, omdat die taak waarskynlik nie sal ophou voordat Christus weer kom nie.

'n Visie oor die eindtyd

Die kanon eindig met die visioene van Johannes in Openbaring. Dis geskryf toe die kerk onder geweldige druk van vervolging en gedwonge verskeurdheid gekom het. Johannes sien dat die draak nie die vrou sal verower nie. Hy sien die eskatologiese volk van God staan: een volk uit al die nasies van die aarde wat jubelend sing tot eer van die Lam wat geslag is ter wille van hulle redding.

Die doel van eskatologie (verstaan van die eindtyd) is nie om allerhande interessante geheime te probeer ontrafel of historiese voorspellings te waag nie. Die hemel is ook nie daar bloot as troos vir "eendag" nie. Die een Godsvolk – versamel uit die nasies van die aarde – is die bron van hoop wat ons aanspoor om nou reeds 'n nuwe aarde te help skep.

Die spoedige hereniging van 'n klein stukkie kerk op aarde, is dus inderdaad hemelswerk.

God is een.

Piet Naude